BELANGRIKE
VERKIESINGSINLIGTING

# ONS SAL JOU REG OM TE STEM BESKERM.

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie is hier om seker te maak dat jy kan stem soos wat jy wil, sonder vrees vir intimidasie of geweld. Ons sal verseker dat jy die verskillende menings van al die partye kan hoor en self kan besluit vir wie jy wil stem.

**DIE GEDRAGSKODE**

Al die partye wat aan die

veroordeel, kiesersopleiding te ondersteun en hul lede te vertel om na die regte van alle kiesers om te sien. As iemand hierdie reëls verbreek, kan ons hulle straf met boetes van tot R100 000, of hulle verhinder om kiesers te werf of selfs belet om aan die verkeising deel te neem.

**MONITERING VAN DIE STEMPUNTE**

Ons sal meer as 10 000 monitors hê wat seker maak dat almal die reëls van die Gedragskode nakom. Daar sal dus minstens een monitor by elke sempunt in die land wees. As hulle enigiets verkeerd sien, of as jy hulle van enige probleem of moeilikheid vertel, sal hulle volle magtiging hê om teen enige persoon, party of groep op te tree wat die stemmery op 'n onwettige manier probeer beïnvloed.

**EENSTEMMIGHEID OOR DIE UITSLAE**

Die OVK self word voortdurend gemonitor deur spanne plaaslike en internasionale

te verseker. Wanneer die uitslag dus bekend gemaak word, sal die OVK moet kan sê dat daar nie mee geknoei is nie en dat dit in wese korrek is.

**IEC TOLVRY**
**0800-11-8000**
Skakel hierdie nommer as jy enige vrae het of enige inligting oor die verkiesingsproses nodig het.

**VRYHEID VAN SPRAAK**

The OVK sal monitors en waarnemers verskaf om seker te maak dat niemand se mening doodgeskreeu word nie, sodat jy al die partye se menings kan hoor.

Terselfdertyd moet jy ander toelaat om te sê wat hulle dink, selfs al stem jy nie daarmee saam nie.

**JOU WAARBORG**

Die OVK sal, met sy beduidende magte en die hulp van 'n groot hoeveelheid mense, sorg dat jou stem geheim en vry is. Ons sal alles moontlik doen om geweld en

jou eie vrye en regverdige keuse sal waarborg. As jy eers in die stemhokkie is met jou stembriefie en potlood, kan niemand behalwe jy self weet hoe jy stem nie.

Al die partye wat aan die verkiesing deelneem, stem oor die Gedragskode saam. As enigiemand die reëls verbreek, tree hulle nie op in die beste belang van die party wat hulle ondersteun nie, en is hulle beslis gekant teen die beginsels van demokrasie wat die OVK in die lewe voor geroep is om te handhaaf.

As jy enige vrae of probleme het, skakel gerus ons tolvry nommer.

ADLIB COMMUNICATIONS

IEC/328/A

**ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

'N VRYE EN REGVERDIGE VERKIESING VIR ALMAL